

Donderdag 29 November

Skrifgedeelte: Sagaria 14:8-15

Fokusgedeelte: Sagaria 14:8-15

In dié dag word ons in Christus geheilig.

Laat Hy jou enigste toevlug wees!

Die voortgaande werk van Jesus Christus word hier beskryf as “’n vars stroom water (wat) uit Jerusalem vloei” (:8). Na alkante word die see van volke daarmee verkwik. Wat ook al die geestelike klimaat mag wees (somer en winter – :8), die Heilige Gees bou voort op die werk van Jesus. Hy is immers die Seun van God “verhewe bo die hele skepping” (Kol. 1:15b) en ook “hoof van die liggaam, van die kerk” (:18). Sagaria hét reg gehoor: “Die Here sal koning wees oor die hele land. Daardie dag sal die Here die enigste God wees, en sy Naam die enigste Naam” (:9, 1983-vertaling).

Sagaria moes selfs vertel van Jerusalem wat “gelig (sal) word” en “hoog (sal) lê” om ’n veilige woning te bied vir sy inwoners. Dit kan nie die aardse Jerusalem wees nie, want dié wat geestelik nog dáár woon, is steeds slawe van sonde en selfregverdiging teen God se oordeel (Gal. 4:25). “Maar die hemelse Jerusalem is vry, en dit is ons moeder” (Gal. 4:26). So het Christus ons geestelike Jerusalem geword waar ons nie net beveilig word teen die aanvalle van die wêreld nie, maar ook veilig is teen die oordele van God.

Wat behels dit? Al die volke wat teen sy kerk oorlog voer, se vleis, oë en tonge sal weg-vrot (:12). Dit wat hulle met groot vertoon gebruik om God se kinders aan te val en te ver-lei, word deur God se oordeel nutteloos. Uit frustrasie begin hulle mekaar aanval (:13). “Selfs Juda sal teen Jerusalem veg.” Moeilik om te verklaar, maar moontlik ’n profesie oor laaste afvalligheid van ’n deel van die kerk ter wille van die goud ensovoorts, wat die wêreld bied (:14b).

As die Heilige Gees jou reeds in Christus beveilig het, bly in Hom en jy sal geen oordeel hoef te vrees nie. As jy dit nog nie ontvang het nie, glo die Woord en gryp die geleentheid aan.

Sing: Psalm 122-1:1, 2

Ds. JA (Johan) Schutte (Emeritus)